**Vrydag 8 April**

**Skrifgedeelte: Lukas 2:1-7; Galasiërs 4:4; HK Sondag 10, Antwoord 27**
**Fokusgedeelte: Galasiërs 4:4**

## Op God se tyd het Hy sy Seun gestuur

Dat God kragtens sy voorsienigheid alles asof met sy hand so onderhou en regeer dat alles presies verloop soos Hy in sy raadsplan bepaal het, sien ons op 'n besondere wyse in die geboorte van Christus. Paulus sê in Galasiërs 4:4: "*Maar toe die tyd wat God daarvoor bepaal het, aangebreek het, het Hy sy Seun gestuur.*" Dit beteken dat Christus gebore is op 'n tyd toe die wêreld deur God voorberei en gereed was vir sy koms.

As ons kyk na die godsdienstige, politieke en maatskaplike omstandighede van die tyd waarin Christus gebore is, dan is dit duidelik dat daar nooit 'n beter tyd kon wees waarin die verlossingswerk van Christus kon plaasvind en die evangelie uitgedra kon word nie as juis die tyd waarin dit plaasgevind het. Let maar op die volgende sake: [1] In die Romeinse Ryk, ons kan sê die hele destyds bekende wêreld, is daar oral Grieks gepraat. Die verskillende volke het nog hulle eie tale gehad, maar Grieks was die wêreldtaal. Dit het die apostels in staat gestel om die evangelie oral sonder taalprobleme te verkondig. [2] Daar was eintlik net een ryk: die Romeinse Ryk. Daarom kon die apostels sonder verhindering van die een land na die ander gaan om die evangelie te verkondig. [3] Die hoofweë wat deur die Romeine gebaan is, het 'n groot verkeer gedra en het gunstige omstandigheide geskep om die evangelie uit te dra. [4] Die Ou Testament was in Grieks vertaal, met die gevolg dat die heidene dit ook kon lees en daaruit van die Jode se verlange na die ware Messias en Verlosser kon verneem. [5] Die heidense tradisionele afgodediens het hulle nie meer bevredig nie. Daarom het hulle – miskien onbewus – begin soek na 'n godsdiens wat aan hulle ware innerlike vrede kon bied, en dit sou hulle in die evangelie van Jesus Christus kry.

In die tyd toe die wêreld vir die koms van Christus en die uitdra van die evangelie gereed was, het God in sy almag dit beskik dat die gedagte by keiser Augustus opgekom het om 'n volkstelling te hou. Dit sou daartoe lei dat Josef en Maria na Betlehem moes gaan sodat Jesus volgens die profesie van Miga daar gebore sou word. So gesien, word die magtige en hoog geëerde keiser Augustus baie klein om maar net 'n instrument in die hand van die almagtige God te wees en sy wil te doen. Die "in daardie tyd" (Luk. 2:1) van Augustus word dus ten volle bepaal deur "die tyd wat God daarvoor bepaal het" (Gal. 4:4). So laat God sy wil geskied.